**Les 6 God roep ons en sit ons waar Hy ons wil hê, ons vat Hom nêrens heen nie.**

1.**Jy kan jou beeld saamvat of los waar jy wil**.

Kom ons kyk weer na ons beeldjie, Timoun!

Wanneer Timoun my beeldjie is, waarheen kan ek hom vat?

Ek kan hom van en los nes ek wil. Ek kan hom in my tas sit en saam met my skool toe vat. Ek kan hom saam vat ek as ek by maats gaan speel en ek kan hom in die kar saam vat as ons dorp toe gaan.

Omdat dit my beeld is, kan ek my beeld vat net waarheen ek wil.

Maar dit is nie al nie. As ek nie lus is om my beeld saam met my te vat waar ek heen gaan nie, dan kan ek dit op die kas in my kamer by die huis los.

Die beeld wat ek aan my behoort, kan ek saam vat of by die huis los nes ek wil.

2.**Die Here vat Abraham na die land Palestina toe**.

Kom ons lees 'n gedeelte van die Bybel saam uit die boek Genesis hoofstuk 12: "Die Here het vir Abram gesê: "Trek uit jou land uit, weg van jou mense en jou familie af na die land toe wat Ek vir jou sal aanwys."

Abraham bly in die land wat ons vandag ken as Irak. Die Here kom en sê vir Abraham hy moet uit die land waar hy as kind groot geword het en waar sy pa en ma en oupa en ouma bly, wegtrek.

Die Here wil nie meer vir Abraham in die land Irak hê nie. Hy wil hom nou in 'n ander land hê en dan vat die Here Abraham na die land waar die Here hom wil gaan sit. Hierdie keer is dit die land Palestina.

Die manier waarop die Here jou vat en sit waar Hy jou wil hê, noem ons roeping. Kyk hoe doen die Here dit: Hy roep Abraham om te gaan waar die Here hom wil sit.

3.**Die Here vat Josef se broers en pa en ma na Egipte toe**.
Kom ons lees nog 'n gedeelte waar die Here mense sit waar Hy hulle wil hê.

Josef is toe daar weg en hy het die farao gaan inlig. Josef het vir hom gesê: "My vader en my broers het met hulle kleinvee en grootvee en alles wat hulle besit, hier aangekom uit Kanaän. Hulle is nou in die Gosenstreek." [2]Josef het vyf van sy broers saamgevat en hulle aan die farao voorgestel, [3]en hy het hulle gevra: "Wat is julle nering?" Hulle het hom geantwoord: "Ons is kleinveeboere, ons en ons voor vaders."[4]Verder het hulle vir die farao gesê: "Ons wil graag as vreemdelinge hier kom woon, want ons het nie meer weiding vir ons vee nie. Daar is 'n groot droogte in Kanaän. Laat ons toe om in Gosen te kom woon." [5]Toe sê die farao vir Josef: "Jou vader en jou broers het nou na jou toe gekom. [6]Egipte is tot hulle beskikking. Jy moet hulle in die beste deel van die land laat woon; hulle kan in die Gosenstreek

aanbly. En as jy weet van knap manne onder hulle, moet jy dié in bevel plaas van my vee.” [7]Josef het ook sy pa Jakob gebring en hom aan die farao voorgestel.

Kyk wat gebeur hier! Daar is ’n baie groot droogte in die land waar die Here vir Abraham gesit het. Daar is niks meer water vir mense of kos vir hulle skape, bokke of beeste nie. Daar is nog net op een plek water en kos en dit is die land Egipte met die groot Nylrivier wat altyd water uit Midde- Afrika na Egipte toe vat.

Nou kom die Here en Hy vat Josef se familie en laat hulle na Egipte toe trek. Hulle is sy beeld en nou wil Hy hulle sit waar Hy hulle wil hê, binne in Egipte by al die kos en water.

4. **Die Here het alles vir ons reg gemaak om vir ons te sorg waarheen Hy ons vat**.

Wat doen die Here met ons as Hy ons sit waar Hy ons wil hê?

Daar waar Hy ons sit het Hy alles reg gemaak sodat ons daar waar Hy ons sit versorg en veilig sal wees.

Dit het God met Josef gedoen. Hy het Josef lank voor die tyd na Egipte toe gevat en hom daar die minister van landbou gemaak. Hy het sy werk so goed gedoen, dat die koning sy vriend geword het.

En toe die Here Josef se familie Egipte toe vat, toe is Josef daar om hulle te help om soontoe te trek en is die koning hulle baie goedgesind en help hulle as vreemdelinge in die land.

Dit is wat die Here altyd doen as Hy ons sit waar Hy ons wil hê. Hy maak alles vir ons daar reg sodat Hy vir ons daar sal kan versorg omdat ons aan die Here behoort.

5. **Mense vat hulle gode saam met hulle**!

Abraham se kleinseun was Jakob. Hy het lank vir sy skoonpa Laban op die plaas gewerk maar eendag besluit om skelm weg te trek omdat hy en sy skoonpa nie meer goed oor die weg gekom het nie. Kyk wat doen sy vrou toe hulle trek!

Gen. 47 Laban was weg om sy skape te gaan skeer. Toe steel Ragel haar pa se afgodsbeeldjies. [20]Jakob het ook vir Laban die Arameër bedrieg deur hom nie te vertel van sy vlug nie. [21]Jakob het gevlug met alles by hom. Hy het deur die Eufraatrivier getrek en koers gekies Gileadberg toe. [25]Toe Laban by Jakob kom,… [26]Hy het vir Jakob gesê: “Wat het jy gedoen? Jy het my bedrieg en my dogters weggevat asof hulle krygsgevangenes is. [27]Waarom het jy in die geheim gevlug? Jy het my bedrieg en my niks vertel nie.… [30]Maar nou, as jy weggetrek het net omdat jy so baie verlang na jou familie, waarom het jy dan my gode gesteel?”

Wat doen Jakob se vrou? Sy wil nie hulle beeldjies van God by die huis uitlos nie. sy vat haar beeldjies van God saam met hulle as hulle skelm wegtrek na die plek waarheen hulle na toe wil gaan.

Hulle besluit hulle trek. Hulle besluit waarheen en dan vat hulle hul gode saam met hulle. Want hulle kan ook hul gode by die huis uitlos as hulle wil.

Dit is hoe mense maak wat glo dat God hul beeld is, dat God aan hulle behoort. Hulle vat God saam met hulle waarheen hulle gaan en gaan sit God neer daar waar hulle wil wees. Of as hulle na ’n plek heen gaan waar hulle God nie by hulle wil hê nie dan los hulle God by die huis dat Hy daar moet staan en wag dat hulle na Hom toe moet terugkom.

6. **Regtig of speel-speel!**

Wat wys die Bybel ons watter een is regtig en watter een is speel-speel?

Roep die Here ons en vat Hy ons na waar Hy ons wil hê of vat ons God saam met ons wanneer ons God saam met ons wil laat gaan?

Die antwoord op hierdie vraag is weer opgesluit in die vraag: “Wie is wie se beeld?”

Wanneer God aan ons behoort, dan kan ons God saam vat as ons Hom saam met ons wil hê of ons kan Hom by die huis los as ons Hom nie by ons wil hê.

Wanneer ons aan God behoort dan werk dit andersom. Dan vat God ons waar Hy ons saam met Hom wil hê en Hy sit ons waar Hy al lankal alles voorsien het om vir ons te sorg.

Ons vat die Here saam is sommer speel-speel. Die Here vat ons saam met Hom na waar Hy ons saam met Hom wil laat wees, is regtig.

Kyk wat die die Here elke dag met jou! Die Here wil jou by die skool hê sodat Hy jou kan laat leer om te doen waarvoor Hy jou wil gebruik. Hy vat jou saam na die skool wat waar Hy jou wil hê!

Wanneer jy daar by die skool kom het die Here gesorg dat daar ’n skool is, onderwysers wat jou kan leer en ’n hoof wat na die skool kan kyk. En daar sit die Here jou om saam met Hom daar te wees. Dit is regtig.

Wat is speel-speel? Dit is wanneer jy by die huis bid voor jy skool toe gaan vir die Here wat daar by jou huis is en dan los jy die Here daar by die huis waar Hy moet wag totdat jy terugkom, omdat jy die Here nie wil saamvat skool toe nie. Dit is sommer speel-speel. Want God wag nêrens waar jy Hom neersit of los nie.

God vat jou wat Hy jou wil hê en daar sorg Hy vir jou terwyl Hy daar saam met jou God vir jou is.

Hoe klink die volgende sin, regtig of speel-speel? Jy moet Jesus altyd orals met jou saamvat waar jy ook al gaan!

Wat sal die regtig sin wees as ons die beeld reg draai?